## 8 Junie    Handelinge 2:41, 47; 5:12-16; 6:7 (6:7)

### *Die vyfde kenmerk van die "groot" kerk: groot getalle*

Wie sê getalle is nie belangrik vir 'n "groot" kerk nie? Hulle is vir die God van die "groot" kerk belangrik die getal van sy uitverkorenes moet vol word (deur die getuienis van die kerk); "die Heer self skryf hul op, die duisendtalle (Ps. 87:5, beryming); Hy het die getallegroei van die Jerusalemse kerk laat opskryf. Dit is wel belangrik om te weet waarom die "groot" kerk gegroei het, nie deur menslike truuks nie, maar deur uitlewing van die vier kenmerke van die "groot" kerk deur die spanwerk van die kerkraad en lidmate. Elkeen het verantwoordelikheid aanvaar om met groot krag getuienis te gee, die groot genade uit te leef, getrou en opreg te bid, te leef in die vrees van die Here. In die "groot" kerk is daar die verwagting van en beplanning vir "groot" getalle. Vir elke erediens word so beplan en so voorgebid dat groei in getalle bevorder en hanteer word. Elke byeenkoms van die kerk word so ingerig dat mense gekonfronteer word met die werklikheid van die "groot" God en dat hulle hulleself aan Hom sal oorgee en gevoeg word by die getal van sy gemeente, 'n Kerk wat nie in getalle groei nie, kan nie "groot" wees nie, want enigiets wat nie groei nie, sterf; 'n Kerk en gelowiges wat uit beginsel veroordelend kyk na kerke wat in getalle groei, moet hulle bekeer. Laat hulle liewer die Here daaroor loof en kyk wat die kerke reg doen. Laat hulle biddend kyk na hierdie kerke wat "groot" is in getalle en dankbaar gebruik maak van die metodes waardeur hulle "groot" kerke kon word.

Sing: Psalm 87    Ds. D.C. Coetsee (Noordrand)